**PROMOSIE-ARTIKEL**

# *Backgrounding* van kalwers met Feedtek

Deur: Simon Kemp, Feedtek (*Pr.Sci.Nat.*)

*Backgrounding* is 'n beesproduksiestelsel wat die maksimale gebruik van weiding en ruvoer, tesame met die regte aanvullings, behels om kalwers vanaf speen tot by die voerkraal voor te berei. Kalwers kan in hierdie tydperk tipies 50 tot 150 kg in massa toeneem, hoofsaaklik weens spier- en raamgroei. Min vetneerlegging word in die periode vereis.

## Hoekom *Backgrounding*?

Backgrounding word om die volgende redes toegepas:

- Om baie ligte speenkalwers in gewig te laat toeneem en weer as speenkalwers te verkoop. Byvoorbeeld, speenkalwers van minder as 200 kg word aangekoop en verkoop teen 250 tot 270 kg as swaar speenkalwers. Die praktyk word gevolg wanneer voerkrale swaarder kalwers verkies.
- Om surplus beskikbare weiding te benut en ter voorbereiding vir vetmesting in die voerkraal.
- Om tyd te wen indien daar 'n verwagting is dat die speenkalfprys later sal verbeter.

In alle gevalle moet die potensiële winsgewendheid van die beplande operasie vooraf goed ontleed word. Daar moet 'n bemarkingsplan wees. Kalwers van 'n goeie gehalte is baie belangrik vir sukses – te ligte kalwers neem baie lank om aan te pas en oorvet kalwers verloor gewoonlik gewig as hulle op 'n laer kragvoerdieet gevoer word. Baie goeie kudde- en weidingsbestuur word vereis, diere moet korrek geprosesseer word en van goeie gehalte ruvoer voorsien word.

## *Backgrounding*-voerprogram

Wat het hierdie jong, ligte kalwers nodig om optimaal massa aan te sit?

- **Proteïen:** Die proteïenbehoefte van jong diere is hoër as die van ouer, swaarder diere. Jong diere benodig ook meer goeie gehalte natuurlike proteïen vir spiergroei, daarom word meer oliekoekmeel en minder ureum ingesluit.
- **Energie:** Energie is noodsaaklik vir optimale benutting van ruvoer en proteïen. Onthou egter dat diere in hierdie tydperk nie oorvet moet word nie. In die geval waar kalwers weer as speenkalwers verkoop word, diskrimineer die kopers teen oorvet kalwers.
- **Minerale en Vitamiene:** Groeiende kalwers het 'n groot behoefte aan veral fosfaat en kalsium. Lê klem op genoeg van hierdie minerale, maar natuurlik ook ander makrominerale, spoorminerale en vitamiene.
- **Groeibevorderaars:** Medikamente kan die voeromset doeltreffendheid met tot 10% verbeter.

**Feedtek Beef Gainer 110** (*Reg. nr. V16140; Wet 36/1947*) is 'n uitstekende NPN-bevattende konsentraat vir meng van *Backgrounding*-aanvullings in die droë seisoen, terwyl **Green Grazer 126** (*Reg. nr. V16145; Wet 36/1947*) as NPN-vrye lekkonsentraat ideaal is wanneer groen weiding beskikbaar is.



Kontak u naaste Feedtek-verteenwoordiger vir meer inligting. Besoek ons webtuiste **www.feedtek.co.za** of kontak ons by 086 111 5362 of **info@feedtek.co.za**.